

S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS
No. 19
Reen oor die Berge.
braam le roux

Blitsvinnig staan die man op, en voordat Kobus iets kan doen, word sy voete onder hom uitgeduik. Nou is dit Kobus wat met die grond kennis maak. Die man klouter bo-op hom en begin slaan. Die meeste houe tref Kobus egter op die lyf.

Kobus slaag ná 'n rukkie dáarin om die man van hom af weg te stamp. Toe Kobus egter orent spring, is sy opponent ook reeds op sy voete, en hy storm blindelings op Kobus af. Kobus kan nie verstaan waarom hy nie sy rewolwer gebruik nie.

Hierdie keer stuur Kobus sy vuiste behendig uit en die man loop teen 'n linker vas en toe sy kop agteroor ruk, volg Kobus met 'n regter op wat hom op die gorrel vang. Die man stort agteroor en bly lê.



INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Man in die Skaduwees | 3 |
| 2. | Moord in die Reën | 12 |
| 3. | Laggende Duiwels | 22 |
| 4. | Reën oor die Berge | 32 |
| 5. | Spelonk van die Dood | 41 |
| 6. | Poort na Nêrens | 51 |
| 7. | Die Wit Gestaltes | 60 |
| 8. | Sluipende Skaduwees | 70 |
| 9. | Oorlog by die Drif | 79 |
| 10. | Die Verlate Myn | 88 |

Hoofstuk 1

## MAN IN DIE SKADUWEES

Die flou skynsel van drie elektriese lamppale val oor die perron van die Waterval-Bo-stasie. Aan die bo-end van die perron leun 'n man teen 'n paal. Toe hy 'n vuurhoutjie trek en die sigaret in sy mond aansteek, is sy bleek gelaat sigbaar. Daar pryk 'n dun snortjie onder sy skerp neus. Sy hoë wangbene laat sy gesig beenderig lyk.
Hy trek 'n paar skuiwe aan die sigaret en dan luister hy aandagtig na die gesnik van 'n lokomotief wat teen die steilte tussen die berge, van Waterval-Onder af aangeskukkel kom. Volgens die gekreun van die lokomotief wil dit voorkom asof hy 'n swaar vrag agter hom aansleep.

Vir die afgelope vyftien minute klink die gespook van daardie lokomotief al op. Die oomblik toe hy die eerste steil opdraand, 'n paar honderd tree uit Waterval-Onder-stasie begin klim het, het die ysterperd sy luide versugtinge al uitgestuur oor die diep klowe.
En tot hier op die stasie by Waterval-Bo klink die weerklanke van die lokomotief se gesteun op. As mens hierdie berge en hierdie weerklanke wat uit die klowe uit opstyg, nie ken nie, sou mens wed dat dit meer as een lokomotief is wat hier tussen die berge in aantog is. Maar Roelf Gys ken hierdie berge goed; hy ken die hele omgewing soos die palm van sy hand en hy weet dat hierdie lokomotief ongeveer sestien swaargelaaide trokke agter hom deur die poorte en tonnels aansleep.
Ná 'n rukkie loop Roelf onder die flou skynsel van die lampligte deur. In die sinjaalkajuit aan die oorkant van die netwerk van spore, kan hy die sinjaalman sien rondbeweeg en werskaf, en hier agter hom is manne in die bedryfskantoor besig om kruisings en instruksies aan al die kleiner stasietjies tussen Waterval-Bo en Komatipoort uit te lees.
Die sigaret in sy hand is nog nie eens halfpad klaar gerook nie, maar hy gooi dit weg en stap tot vlak voor die kaartjieskantoor. Twee klerke is besig om kaartjies aan 'n tou swartes te verkoop. Die Breyten-passasierstrein vertrek wel eers in die oggend douvoordag, maar die swartes wil hulle kaartjies gewoonlik dadelik hê voordat hulle in hulle wagkamer tot dagbreek toe gaan wag.
Die kaartjiesklerke is dus bedrywig en die klank van geld is in Roelf

Gys se ore; ook die geraas van die tjapmasjiene wat ywerig besig is om môre se datum op elke kaartjie wat verkoop word, te druk. Roelf Gys steek nog 'n sigaret op terwyl hy die bewegings van die kaartjiesklerke dophou. Hy staan langs die skaal en trek weer diep aan die sigaret.

Die gesnik van die lokomotief wat teen die opdraande uitbeur, klink nou nader. Weldra sal sy swaar wiele oor die brug rol en dan sal dit nie meer lank duur voordat hy die stasie binnestroom nie.

Roelf Gys kan dit nie verstaan nie. Hy staan al vir die afgelope halfuur hier op die perron en nog het hulle nie te voorskyn gekom met daardie groot swart vervoerbare brandkas nie. Volgens sy berekening moet dit vanaand gelaai word. Hy soek in sy binnesak om sy sakboekie te raadpleeg. Dikwels word die brandkas vervoer met hierdie 10.30-op trein, soos die spoorwegamptenare daarna verwys.

Hy skuif weg van die skaal af en gaan sit op 'n bank teen die muur. Die klank van geld is soos musiek in sy ore, maar die gespook en gestoei van die lokomotief maak hom senuweeagtig. Netnou is die trein hier en dan weet hy nie wat hom te doen staan nie.

Hy raadpleeg sy sakboekie. Hy kan nie verkeerd wees nie. Die geld word meesal op hierdie trein vervoer. Dit sal elfuur wees wanneer die trein hier instoom, en die klerke in die pakkieskantoor het hulle geld reeds om tienuur gebalanseer, in die geldsakkies verseël en saam met die opbrengs van die goederekantoor en die boekwinkel in die swart brandkas gegooi, die brandkas met sy groot, sterk kettings.

Roelf Gys steek die sakboekie weer in sy sak en dan raak sy hand aan iets kouds. Hy trek die koue voorwerp 'n endjie uit sy binnebaadjiesak en loer daarna. Dit is sy Luger. Die magasyn is volgelaai, want mens weet nooit nie. Hy laat die swaar wapen weer in sy binnesak teruggly, en dan sit hy ineens regop en sy oë knip aanhoudend.

'n Polisie-konstabel met sy wit helm kom vinnig oor die perron aangestap. Hy stap reguit na die pakkieskantoor toe. Toe hy by die bedryfskantoor verbykom, groet hy luidrugtig en dan sluit 'n ander persoon by hom aan. Roelf Gys weet dat dit die laaimeester is. Sy hart klop vinniger.

Hulle loop by hom verby, en die spoorwegkonstabel kyk hom vlugtig aan. Roelf Gys onthou om te groet en 'n warm gevoel sprei





oor sy hele liggaam. Hulle gaan die kaartjieskantoor binne en binne enkele oomblikke hoor Gys die gerinkel van 'n ketting. Sy hart bons nog harder. Hy kan nie meer sit nie en staan vinnig op, gooi die half gerookte sigaret weg en steek 'n ander een aan.

Roelf Gys loop vinnig oor die perron en gaan staan weer teen die paal in die halfduister. Van hier af kan hy in die kaartjieskantoor inkyk. Hy kan die konstabel nou ook oor die swart brandkas sien buk. By hom staan die klerk. Laasgenoemde gooi 'n laaste toegeseëlde leersakkie met geld in die brandkas en dan word die brandkas in die teenwoordigheid van die konstabel gesluit. Buite staan die blanke arbeider al en wag. Net 'n paar sekondes gaan verby dan word die swaar swart brandkas aan die ketting oor die vloer getrek, en die laaimeester sit hand by toe die brandkas op die stootwaentjie gelig moet word.

In die halfduister grynslag Roelf Gys en hy sug verlig.

Die trollie met sy swaar vrag rol hier by hom verby en die konstabel en die laaimeester volg hier kort agter die trollie. Gys kyk na die rewolwer in die konstabel se bruin leerhouer wat hoog teen sy linkersy sit. Hierdie keer kyk die konstabel nie eens na hom toe hy verbygaan nie.

Byna aan die einde van die perron waar 'n klomp karwei-waens met pakkies en posstukke reg staan om gelaai te word, kom die arbeider met sy swaar vrag tot stilstand.

Gys gooi die derde half gerookte sigaret opsy en loop vinnig na die kaartjieskantoor. Hy gaan by die oop deur in en kom voor die toonbank tot stilstand. Die twee klerke is nog steeds druk besig met die uitreiking van derdeklaskaartjies. Hulle sien hom nie daar by die toonbank nie. Gys word nou ongeduldig en hy kug. Een van die klerke kyk op en ná 'n rukkie kom hy nader na die man in die bruin reënjas en smal gesig.

„Goeienaand, meneer," kom dit vriendelik van Roelf Gys. „Ek wil 'n kaartjie hê na Machadodorp, 'n tweede klas enkel."

Die klerk draai dadelik om na sy kaartjieskabinet, en net voordat hy die kaartjie stempel, praat Gys weer.

„As dit moontlik kan geskied, wil ek graag met hierdie goederetrein saamgaan. Ek moet op Machadodorp wees. Ek het tyding ontvang dat my vader. . ."

Die klerk staar hom met misnoeë op sy gesig aan.

„Die passasierstrein kom eers teen drie-uur môre. Ons instrumente vir die tjapwerk is reeds verander na môre se datum."

„Ek is jammer, Meneer, maar ek wil graag probeer om voor middernag op Machadodorp te wees. My vader lê uiters ellendig. Hulle verwag dat hy vanaand sal sterf."

Met 'n ophaal van sy skouers en onwillig, spring die klerk aan die werk om die datumstempel te verander. Dan tjap hy die kaartjie en gooi dit voor Gys neer.

„Ek weet nie of die kondukteur jou sal oplaai nie. Jy sal hom self moet vra. As hy nie plek vir jou het in die kondukteurswa nie en hy weier om jou op te laai, moet jy terugkom dat ek hierdie kaartjie kanselleer."

Roelf Gys laat 'n vinnige dankie hoor en dan tel hy die kaartjie op en vlug by die deur uit. Die klerk roep hom egter agterna:

„Nie so haastig nie, Meneer. Jy het nog nie vir die kaartjie betaal nie."

Roelf Gys se anders bleek gesig word nou bloedrooi en hy vra stotterend om verskoning. Hy steek sy hand in sy sak en lê 'n tienrandnoot voor die klerk neer. Die klerk gee hom die kleingeld en dan stap Gys vinnig uit. Hy hardloop na die telefoonhokkie in die wagkamer. Die deur van die huisie klap agter hom toe. Sy hande bewe toe hy die spreekbuis oplig. Hy draai die slinger nadat hy die spreekbuis weer teruggeplaas het, tel dit weer op en toe die man by die sentrale die nommer vra, blaf hy dit uit.

Hy word deurgeskakel en binne enkele oomblikke praat hy met iemand aan die ander kant.

„Alles in orde. Dit gebeur soos afgespreek. Die trein vertrek nou. Daar is twee, maar ook 'n wag."

Die stem brom aan die ander kant en die telefoon gee 'n klikgeluid. Gys weet dat die spreker aan die ander kant opgehang het. Met bewende hande plaas Gys ook die gehoorstuk terug en dan hardloop hy na buite.

Hy loop tot aan die kant van die perron. Die goederetrein sukkel nie nou meer nie, maar sy wiele tik gelykmatig oor die laste in die spoorstawe. Dit weerklink deur die diep klowe. Die wiele raas nog harder wanneer die lokomotief met sy lang tou trokke oor die brug jaag.

Die skerp ligte van die lokomotief verskyn om die draai, en duidelik staan die konstabel en die ander daar by die pakkies en die swart brandkas in die ligstreep van die aanstomende lokomotief.

Gys weet dat die trein se kondukteurswa presies daar by die karweiwaentjies tot stilstand sal kom. Daarom stap hy nou stadig





en op sy tyd soontoe. Hy is nie nou meer senuweeagtig nie en trek rustig aan sy soveelste sigaret.

Die konstabel en die laaimeester staan by die swart brandkas en gesels.

Die ysterperd stoom by hulle verby; sy wiele raas hier by Gys en dan seil hy verby. Met 'n gepiep van remme kom die trein tot stilstand, en Gys haas hom tot by die kondukteurswa. Die groot deure van die kondukteurswa word oopgestoot en nou volg daar 'n geskree en geroep soos die arbeiders die pakkies laai en een se bestemming ná die ander uitskree.

Gys staan op 'n eerbiedige afstand, net reg agter die konstabel en die laaimeester. Die vet kondukteur het uitgespring en nadat hy die manne gegroet het staan hy nou en kyk hoe dat die pakkies gelaai word.

In die helder verligte kondukteurswa sien Roelf Gys nog 'n spoorwegkonstabel. Hy sit op 'n swart brandkas, die een wat gewoonlik op Nelspruit gelaai word. Gys het geweet dat hy daar gelaai sal word. Die konstabel op die perron sien sy kollega nou ook daar in die kondukteurswa en hy roep:

„Lig jou sitvlak, Dolf Burger, en kom groet jou omie. Hoe sit jy so breed op die Spoorweë se fortuin? Naand-sê, boetie."

Die konstabel in die kondukteurswa staan dadelik op en kom in die oop deur van die wa staan. Hy groet vriendelik terug en die twee konstabels begin gesels terwyl drie arbeiders die swaar brandkas op die perron ook inlaai. Toe hulle klaar is, word die groot deure toegeklap en gegrendel.

Die arbeiders staan terug, maar die kondukteur, Rex MacNally, Dolf Burger in sy netjiese uniform, die ander konstabel en die laaimeester staan nou eers en gesels.

„My trein is reeds laat," merk McNally op. „Ek hoop nie ons gaan hier te lank draai nie."

Roelf Gys kug en staan nou nader. Hy loop tussen die konstabel en die laaimeester deur, maar vra beleef om verskoning. Hy hou die enkelkaartjie na die kondukteur toe uit en sê beleef:

„Ek vra of ek in die kondukteurswa kan saamry, Meneer. Dit is my vader. . . Hy is ernstig siek. As ek vir die passasierstrein wag, is dit dalk te laat."

Almal kyk na die vreemdeling met die hoë wangbene en die beenderige gesig.

„Tot waar?" vra MacNally.

„Net tot op Machado, asseblief."

MacNally neem die kaartjie by hom en steek dit in sy sak.

„Klim maar in. Ek het twee dinamiettrokke aan, en as daar 'n ongeluk is, sal ek nie leef om tot verantwoording geroep te kan word omdat ek jou laat saamry het nie."

Gys bedank hom en die ander lag droogweg.

Roelf Gys klim in, maar hy gaan sit nie op die kondukteur se sysitplek nie. Hy staan sommer beleef teen die muur. Op die ander sitplek teenoor die kondukteur s'n lê 'n jas en hy neem aan dat dit die konstabel s'n is wat die twee brandkaste met geld na Pretoria begelei.

'n Stasiebeampte kom vinnig van die bedryfskantoor aangestap en oorhandig aan die kondukteur sy ry-instruksies.

Die trein fluit en die kondukteur hou sy hand omhoog en spring vinnig by die kondukteurswa in toe die trein reeds stadig beweeg.

Toe die kondukteurswa by die stasiegebou verbyswiep, gaan dit reeds taamlik vinnig.

„Nou is jou masjinis haastig," merk konstabel Dolf Burger teenoor die kondukteur op. „Nou ry hy."

„Al ry hy hoe hard, hy sal dit nooit betyds maak nie. Hier lê nog 'n taamlike kwaai opdraand voor ons," antwoord MacNally en hy kyk 'n slag na Gys se smal gesig.

Die kondukteur gaan sit op sy plek en begin sy tydboek in orde bring.

Die konstabel gaan sit op een van die swart brandkaste. Dit is of hy die passasier nou eers raaksien. Hy staan dadelik weer op, tel sy jas van die sitplek teenoor die kondukteur s'n op en bied dan aan:

„Kom sit hier, Meneer. Jy kan darem nie die hele end pad staan nie."

Die jong konstabel met sy skoongeskeerde gesig glimlag vriendelik, en Roelf Gys bedank hom en gaan sit. Die konstabel gaan weer op die brandkas plaasneem, en nou sit hy met sy rug na die kondukteur. Gys draai hom skuins. Hy is nie lus om 'n gesprek aan die gang te sit of uit te lok nie. Hy probeer doelbewus om bekommerd te lyk.

Skielik merk hy dat dit weer begin reën het. Vir dae val die motreën reeds hier tussen die berge en nou lyk dit asof dit nie sommer gou wil opklaar nie.

Fyn druppels piets teen die ruit aan en vorm dan groot „trane" wat teen die ruit afloop.





Die kondukteurswa ruk en skommel en die wiele klop op die spoorstawe, maar dit is vir Roelf Gys asof hy die geritsel van die reën teen de ruite aan, kan hoor.

„Ons sal nou moet oppas vir verspoelings," merk die kondukteur op. „Voorverlede jaar het dit ook so aanhoudend begin uitsak, gedurig neergesous. Bedags is die spoor in orde, maar in die nag verspoel dit. Dit is net hier bo by die draai om die berg dat ou Piet Smal voorverlede jaar sy druiwe teengekom het."

„O ja, sy trein het mos ontspoor. . . sommer die helling afgerol, maar dit was net hy wat toe dood is."

„Net hy, ja," beaam kondukteur Rex MacNally. „En hy was so bang vir berge. Wanneer ons die eerste tonnel ingaan, was sy opmerking altyd: ‚Hier tuimel ons nog eendag af'."

„Snaaks, en toe het hy afgetuimel," merk Dolf Burger droogweg op.

MacNally swyg so 'n rukkie en dan merk hy weer op:

„Die boere behoort vanjaar 'n goeie jaar te hê."

„Wil jy glo," is die konstabel se antwoord.

Gys kyk nog steeds by die venster uit. Dit is verskriklik donker daar buite, maar hy kan die bonkige silhoeët van 'n berg aan hierdie kant sien. Hulle begin al die opdraand vat. Die lokomotief loop swaarder; hy sukkel reeds; sy asemstote kom onegalig en langsaam.

Roelf Gys se hand glip na sy binnesak toe. Die rewolwer lê warm in sy sak tussen 'n paar dokumente. Hy betas dit 'n oomblik en voel hoe sy hart hier teen die vuurwapen pols.

Die trein gaan om 'n draai. Roelf Gys kan die stomende, rasende lokomotief sien; hy onderskei die bukkende gestalte van die stoker wat nou ywerig kole in die oond gooi.

Roelf kyk vir die eerste keer na die jong konstabel. Die konstabel se blou oë lag vriendelik.

„Jy gaan op Machado in die reën afklim," merk die konstabel op.

„Ja, maar. . . maar gelukkig sal daar iemand vir my op die stasie wees. Hulle sal sommer raai dat ek met hierdie trein kom."

Die kondukteur sit sy boeke neer. Dit lyk asof hy hom regskuif om te begin gesels. Roelf kyk dadelik weg om dit te verhoed, maar MacNally stel reeds sy vraag:

„Bly jou ouers op die dorp of in die distrik?"

Roelf Gys het hierdie vraag al lankal verwag. Met sy blik nog

steeds op die donker berg gerig, antwoord hy:

,,My vader is 'n boer. Hy bly agt kilometer van die dorp af."

Roelf Gys hoop dat daar nie meer vrae kom nie.

,,Wat makeer die oubaas?" vra die konstabel.

,,Ek. . . ek weet nie juis nie. Ek verstaan dit is. . . longkanker."

,,Dit is verskriklik!" merk die kondukteur op.

'n Paar oomblikke heers daar weer stilte. Die lokomotief sukkel en die trokke ruk.

,,Hoe voer jy die van?" vra MacNally.

Maar Gys kry nie geleentheid om daardie vraag te beantwoord nie, want die trein ruk skielik en dan is daar 'n harde knal. Die kondukteur kom met die eerste knal orent, maar dan volg daar twee kort ná mekaar.

Die konstabel hardloop na die venster.

Roelf Gys spring op en sy hand gaan vinnig af na sy binnesak. Daar is sweet op sy voorhoof, ondanks die koel lug en die reën.

Die kondukteur ruk die venster oop en nou volg daar vier knalle, feitlik gelyktydig. Die trein ruk en die trokke stamp. Gys word teen die deur vasgeslinger. Hy hoor remme skree en dan roep die kondukteur:

,,Dit is knalpatrone! Ek het dit verwag! Dit is 'n sein dat daar iets met die spoor verkeerd is. Ek wed dit is 'n grondverskuiwing. In hierdie nattigheid kan mens dit verwag."

MacNally ruk die deur van die kondukteurswa oop en leun uit. Hy het sy lamp in sy hand en draai dit nou so dat die masjinis wat voor by die lokomotief uitloer, kan sien dat dit rooi vertoon en hy derhalwe op sy hoede moet wees. Die trein kom egter reeds met 'n ruk en met 'n gestamp van trokke teenmekaar, tot stilstand.

Buite reën dit nog een strook deur, 'n fyn motreëntjie wat aanhoudend neersous.

Gys kom vinnig nader. Hy staan feitlik teen die konstabel. Sy regterhand is steeds in sy binnebaadjiesak.

Die kondukteur spring uit en hardloop vorentoe. Weldra kan hulle net sy lamp heen en weer sien swaai. Hy is op pad om te gaan kyk waarom die knalpatrone op die spoor gesit is.

Die trein staan nou doodstil en net die aanhoudende geritsel van die fyn reëndruppels op die gras kan gehoor word.

Skielik sien die konstabel hoe die kondukteur se lig verdwyn, en hy hoor hoe dat die man val. Sonder om te aarsel is hy af en op die nat grond. Hy wil vorentoe hardloop, maar skielik staan hier





iemand voor hom, 'n lang gestalte, en 'n sekonde later skyn 'n skerp lig in sy oë.

Van die kondukteurswa af sien Gys hoe dat die konstabel se regterhand afskiet na sy rewolwersak toe, maar die man wat die flits in sy hand hou, beveel skielik in 'n saaklik koue stem:

,,Hou jou hande tuis, konstabel, en moet nie weer so 'n beweging maak nie. My vinger is om die sneller."

Die konstabel deins terug en vra:

,,Wie is jy?"

Niemand antwoord nie, maar nou verskyn daar 'n gestalte aan die konstabel se linkerkant. 'n Hand knoop die rewolwersak aan die konstabel se sy oop en die diensrewolwer word uitgeruk. Dit word met 'n vinnige swaai van die hand teen die steil helling afgegooi. Daar is 'n dowwe plof toe dit op die nat grond val.

,,Wat bedoel julle hiermee?" kry die konstabel dit uit. ,,Julle maak julle self skuldig aan 'n misdaad."

Die persoon wat die skerp lig nog steeds in die konstabel se oë hou, lag.

,,Jou verstand werk bra stadig, konstabel. Natuurlik pleeg ons 'n misdaad, maar dit is die moeite werd."

Die persoon wat die konstabel se rewolwer uit sy leersak gegryp en weggegooi het, klim teen die kondukteurswa op, en toe hy in die lig kom, sien die konstabel dat hy 'n mombakkies oor sy gesig het—'n gomlastiek-masker wat styf om sy gesig span.

Gys gee haastig pad en dan klim 'n tweede persoon teen die kondukteurswa op. Kettings raas en albei die vermomde manne kyk 'n slag na Gys, maar hulle gesigte se uitdrukkings lê verskuil onder daardie afskuwelike gomlastiek-mombakkies van hulle.

Roelf Gys se gesig verraai ook geen emosie nie. Hy staar hulle net aan, met sy voorkop blink van die sweet.

Die twee swaar brandkaste word na die oop deur geskuif.

,,Is julle mal?. . . Dit mag julle nie doen nie!" skree die konstabel toe hy sien wat hulle plan is.